DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Vrydag 1 Maart 1957. Nr. 1.

# DIE P.U. VIR C.H.O. IN 1957

Dat vir die P.U. vir C.H.O. 'n rooskleurige toekoms voorlê, het duidelik geword uit gesprekke met die Rektor en die Uitbreidingsbeampte van die P.U. en deur te let op die gesonde gees wat tydens die aktiwiteite insake die inlywingsaksie, geheers het.

Nadat die verrigtinge by geleentheid van die amptelike opening van die P.U. vir C.H.O. met Skriflesing en Gebed deur Ds. P. W. Buys 'n aanvang geneem het, het die Rektor, Prof. J. Chris Coetzee 'n woord van verwelkoming tot die aanwesiges gerig, waarin hy ook boodskappe van die Kanselier sowel as Voors. van die Raad oorgebring het.

Voordat hy oorgegaan het tot die Departementele mededelings, het die Rektor gewys op die nuwe ontwikkelings op die Universiteitsterrein asook op die feit dat met bykans 400 nuwelinge, die studentetal vanjaar tussen 1400 en 1500 sal wees.

Hierna is die jeugdige Prof. P. H. Stoker aan die vergadering deur die Dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe, Prof. D. J. du Plessis, voorgestel.

Met sy inougurele rede oor Die Diskreetheid van Materië" het Prof. P. H. Stoker, nuwe Hoogleraar in die departement Fisika die geskiedenis van die atoom vanaf Dalton geskets. Voorts het die geagte spreker daarop gewys dat die ontdekking van radio-aktiwiteit pas na dié van die elektroon 'n wysiging van die Klassieke Atoomteorie tot gevolg gehad het. Verder verduidelik die spreker dat hoewel Fisika en Wiskunde twee verskillende terreine behels, daar tog ook 'n noue band daartussen bestaan deurdat die twee terreine mekaar aanvul. Die fisiese teorie met sy wiskundige afleidinge is dan ook die ruggraat van die vak.

Ten slotte het die Rektor van die Teologiese Skool, Prof. P. J. S. de Klerk, in sy afkondiging gesê dat twee professore met langverlof afwesig sal wees, nl. Proff. W. J. Snyman en S. du Toit.

## STUDENTE-AKTIWITEITE.

Soos altyd in die verlede was die aanvang van hierdie eerste semester, veral vir die ouere studente, maar ook vir die eerstejaars, 'n besige tyd, sodat dit soms moeilik gegaan het om die S.R. sowel as die dosente tevrede te stel.

Reeds voor die amptelike opening was die lede van die S.R. op hul pos om die Eerstejaars te oriënteer t.o.v. van wat van hulle verwag sou word wanneer die akademiese jaar in alle erns 'n aanvang sou neem. Na die aankoms van die senior studente het die Inlywingsprogram van die S.R. in werking getree. Benewens die algemeenhede soos uitkenningsparades was van belang 'n program deur die Junior Komitee, die jaarlikse vrugtefees, 'n program van die Senior Komitee en die Verveligheidskonsert deur die Eerstejaars op die planke gebring. Van besondere belang is die herlewing van die Hof van Hades, wat om 11.45 nm. Vrydagaand 'n aanvang geneem het in die Totius-gedenksaal.

As hoogtepunt van die Inlywingsaksie het die ontheffingsdinee Saterdagaand plaasgevind. Danksy die ywerige reëlings van die Geselligheidskomitee het alles vlot verloop en kon 'n groot aantal studente die dinee bywoon. 'n Aangename verrassing vir die ouer garde was die teenwoordigheid van 'n oudstudent in die persoon van Danie Erasmus wat ook 'n paar woorde tot die aanwesiges gerig het. Ongelukkig is dit nog nie bekend wie die „Gold Rush" gewen het nie!

## 'N BLIK IN DIE TOEKOMS.

In 'n onderhoud met die Uitbreidingsbeampte van die Universiteit het die volgende interessante gegewens onder ons aandag gekom.

Dit blyk dat die P.U. vir C.H.O. in 'n besonder gelukkige posisie verkeer met betrekking tot ruimte vir uitbreiding, aangesien daar vir die volgende aantal jare genoeg grond beskikbaar is vir uitbreiding van die geboue. Dit is interessant om te let op die waardasie van ons gronde saam met die verbeteringe sowat £125,000 en £545,465 resp. bedra.

Die Lettie du Plessis-saal (Sentrale eetsaal vir Dames) sal in gebruik geneem word op 3 April 1957 D.V. tydens die Kongres van die G.S.O. Dit is opgerig teen 'n koste van sowat £25.000.

Die Administratiewe gebou (£38, 000) en Chemie Laboratorium (£96, 000) word op 11 Mei deur die Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Mnr. J. J. P. Op't Hof, in gebruik geneem, terwyl die verbouings aan Piet Groblerhuis by voltooiing huisvesting aan nog 22 damestudente sal verskaf.


Die Universiteit se driejaarplan bevat o.a. 'n Plantkunde Laboratorium en Plant-Fisiologiese Navorsingsinstituut van ongeveer £60,000 wat langs die Administratiewe gebou aan die Oostekant opgerig sal word.

Volgens die Uitbreidingsbeampte sal die rolprent oor die Universiteit en sy aktiwiteite in die loop van hierdie jaar voltooi word. Dit behoort wye belangstelling uit te lok en sal 'n goeie weergawe van die Universiteit aan die buitewêreld gee.

Dit blyk dat ons studente tans hul ondersteuning onvoorwaardelik aan die Kafeteria gee vandat die koeponstelsel afgeskaf is. Hoewel die omset nou groter is, was die koeponstelsel nie 'n mislukking omdat dit daartoe gedien het om die studente aan Mev. van Rooyen bekend te stel en anders-om.

Interessant is ook die feit dat water vir die Universiteitswembad tans nie meer uit die Mooirivier verkry word nie, maar wel uit 'n boorgat op ons terrein.

Melding moet ook gemaak word van die welwillendheid van die Stadsraad wat besluit het om 'n jaarlikse skenking van £1,000 aan die Universiteit te skenk.



Madame Jurina Gouws-Venter, vars van Parys, besig om 'n door aan te kla van „vampiese" neigings.

## W. J. SPAVINS & SEUN

vir alle

***Elektriese Benodighede***

**KOELKASTE • RADIO'S**

Kerkstraat 101 — Potchefstroom.

Telefoon 185.

**DAMES!!**

**Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.**

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD

## CACHET MODES (EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

## MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

## T.X. Modiste

Kerkstraat 154 Telefoon 1295

Waar al die modebewuste dames koop.

## G. H. Juweliers

Kerkstraat 129.

Herstelwerk Deskundige

Horlosiemaker en Juwelier

PUKKIES!!

SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE

BESOEK:

## KOLLEGE KONTANTWINKEL

VIR:

- TOILETWARE
- SKOONHEIDSMIDDELE
- SKRYFBEHOEFTES
- VULPENNE
- HORLOSIES
- EETWARE en alle
- STUDENTE-BENODIGHEDE.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

## A. T. LUKE & KIE.

APTEEK

ook

- GRAMMOFOONPLATE

Gewone- en Langspeelplate.

## NOORDBRUG Kontantwinkel

(Eienaar: A G. Botha).

LANGS N.-POSKANTOOR

**Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes, Lekkers, Sigarette en Toiletware**

## PRESIDENT CAFE

and

## GRAND CAFE

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS

## ALLES NUUT!!

Van 'n nuwe uitbreiding tot 'n nuwe FIETS.

Kom na

**Parkfietswinkel**

(F. F. TRANTER)

H/v. Lombard- en Van Riebeeckstrate

TELEFOON 995.

## LOOCK & KEENEY

**Kleremakers**

**Calderbanksgebou,**

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.

Dames en Here

Besoek

## DIE BULT HAARKAPPERS

Tomstraat 90A — Telefoon 1486

Regoor ons mooi park.

## ALF CURADO

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

**maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee**

## ALF'S STUDIOS

**KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)**

**geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.**

'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUKDIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.

**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

*Die Wapad*

**Vrydag 1 Maart 1957.**

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# *Welkom en . . .*
# STERKTE

Die nuwe jaar het al ietwat gevorder op die pad na die ouderdom, maar nogtans wil ons dit 'n hartlike welkom toeroep en die hoop uitspreek dat wanneer ons aan die einde van 1957 terugkyk, ons sal kan getuig: „Die jaar 1957 het ons goed gedra!"

Aan al die oudames en ouhere en die lede van die personeel: „Dit is gaaf om u gesigte weer hier te sien. Ons hoop dat die vakansie aangenaam was, die eksamenuitslae bemoedigend en dat die nuwe jaar voorspoedig sal wees."

'n Besondere woord van welkom aan die eerstejaars. U loopbaan aan die P.U. sal darem nie net uit ontgroening bestaan nie, maar as u na 'n aantal jare die inrigting verlaat, sal u persone wees met 'n rypheid van gees wat met 'n besondere stempel deur die lewe sal gaan. Want u het die voorreg om aan 'n besondere inrigting te studeer, met 'n eie unieke vormende karakter. Ons verwag dat u van u kant bereid sal wees om hierdie Christelik-Nasionale karakter u eie te maak, want alleen dan sal u ware P.U.Kaners word wat hier gelukkig en tuis sal voel.

Ons begin die nuwe jaar selfs met 'n gedeeltelik nuwe studentelewe — gedagtig die reorganisasie teen die einde van verlede jaar. In hierdie opsig wil ons graag 'n beroep doen op alle studente om tog hulle gewig ten volle in te gooi in 'n poging om te verseker dat met hierdie progressiewe stap ten volle bereik sal word wat daarmee beoog is. Die sukses of mislukking daarvan sal grotendeels van u afhang. Daarom vra ons van u om u deel by te dra wanneer u genader word om in die een of ander opsig te help. Op ons studentelewe rus die reuse taak om 'n helder klank te laat hoor in hierdie tyd waarin die meeste ander studente-inrigtings afsydig staan teenoor dit wat ons volk voorheen gekenmerk het.

In die laaste plek: ons wens aan die Studenteraad sterkte toe vir die jaar wat voorlê. Ons waardeer hulle opofferings en hoop dat ook vir hulle 'n vrugbare en aangename werkjaar voorlê.

Ons hoop dus dat een en almal van ons lesers sal voortgaan op hul lewensweg in volle bewustheid van hul lewensroeping en met die oog steeds gerig op God om na Sy Wil te vra en tot Sy Eer te leef.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, M. Willemse; Kuns: R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, B. van Rooy.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (sakebestuurder); J. B. W. le Roux (advertensie-bestuurder); Mejj. C. Kruger; E. M. Kruger; A. Davel; Mnre. E. J. de Villiers; E. Howaldt; W. J. v.d Merwe; J. P. Marais; L. J. Swart; R. G. P. Voster; A. J. Pretorius.

## Oordenking

# Die RAAD van God en die raad van die mens

**Spreuke 16:9:— „Die hart van die mens dink sy weg uit, maar die Here rig sy voetstappe".**

'n Nuwe jaar bring arbeid. Die arbeid vra om ywer en toewyding; vernude kragte. U weet watter oorlegginge van die hart gaan hiermee gepaard: 'n Sug na opportunisme; die leisels moet maar slap lê vireers, weldra met die eksamen sal ek „raakspot", en met die „grille" van die „noodlot" kan ek dalk slaag.

Vir ander weer is dit: Ek sal moet hard werk, die gety is alimmers teen my. Werk, of anders is die prys terleurgestelde verwagting i.p.v. hoop.

So rig ons ons hele lewensideaal in. So strewe ons en wil ons reik na 'n kroon deur onsself gestel. Selfs ons keuse van ons lewensmaat word gemeng met opportunisme. Oppertunisme het al eie geword aan 'n student. Hierdie is nie die werklikheid soos ons teksvers vir ons dit met enkele pennetrek skilder nie.

Enersyds: „Die hart van die mens dink . . ." Andersyds: „MAAR die Here rig sy voetstappe." Disharmonie, sou u sê; sinneloos, dit ontneem die mens sy idealisme. Waarvoor werk ek dan? God se Raad kan net sowel sonder my volbring word.


Harmonie, egter, is die regte antwoord; sinvol, vertroostend, dit wek die idealisme op en versag die teleurstelling. Die MAAR van ons teksvers is nie 'n „maar" wat kontras soseer uitdruk nie, maar meer een wat harmonie uitdruk, rigting aanwys; wat ons oorlegginge dadelik voor die aangesig van God plaas. Ons oorlegginge, ons ideale moet op God gerig wees. So leer vs. 2 van hierdie selfde hoofstuk ons: „Laat jou werke aan die Here oor, DAN sal jou planne uitgevoer word."

Heerlike harmonie! Ons arbeid is in die Here. Nie meer mislukkings wat mislukkings is nie, maar roepingsvervulling. Sukses word nie ons eie eer nie, maar die seën van God op ons arbeid.

So reik ons na die Kroon van Gods Raad: Jesus Christus, die Oorwinnaar oor die dood. Hy is dan ons Weg tot Saligheid en Ewige heerlikheid. Dit is vir ons, wie se arbeid in Hom is, Sy uitverkore, vrygekoopte eiendom weggelê. Alles tot sy Eer en Verheerliking. Amen.

H. J. v.d. Walt.

# VAN DIE REDAKSIE



Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.
28 Februarie 1957.

Geagte Pukke,

Met die begin van die nuwe jaar het ons dit goed gedink om ook iets nuuts met „Die Wapad" te begin.

In die eerste plek sal u bemerk dat hierdie uitgawe gladnie so lywig is as die waaraan u in 1956 gewoond geraak het nie. Maar daarvoor sal u vergoed word deur ongeveer sestien uitgawes te ontvang i.p.v. die tien van verlede jaar. Deur hierdie nuwe reëling hoop ons om u van bietjie varser nuus te voorsien as wat die geval in die verlede was.

Verder hoop ons om gereeld 'n paar nuwe rubrieke te plaas. Die Letterkundige Vereniging sal vir die een sorg terwyl die ander deur uself gedra sal moet word. In hierdie nuwe rubriek wil ons graag iets interessant van lesers self plaas. Of dit nou ookal 'n luimige beskrywing is van hoe u die vakansie deurgebring het, of iets interessant wat u in u studies raakgeloop het, stuur u bydrae aan ons en ons sal ons bes doen om 'n plekkie daarvoor af te staan.

Ten slotte vra ons u om ook maar u punte van kritiek teenoor „Die Wapad" te lug en ons sal probeer om die plooie uit te stryk.

Met beste wense vir 'n jaar van die aangenaamste samewerking tussen die Redaksie en u,

(Hoofred.)
D. C. COETSEE,

# Van Studenteraadswee

Gedurende die vakansie het ons een van ons pronkeerstejaars deur die dood verloor. Ons voel saam met die ouers, vriende en familie van Manie Davel, omdat ook ons hom kon leer ken en liefgehad het. Mag God, vir Wie Manie geken en liefgehad het, u rykelik troos en stut in die dae van u beproewing.

**WELKOM EN STERKTE.**

Aan al die ou gesigte — wat ten spyte van erosie en die Suezkrisis verbasend genoeg mooier geword het — hartlik welkom in ons midde. Ons is dankbaar dat 'n jaar in u geselskap nog voorlê. Mag dit goed gaan met u talle pligte en verantwoordelikhede.

Ook aan al die nuwelinge — van 16 jaar tot by die 40 — 'n welkomsgroet in opregtheid. Mag u spoedig heeltemal tuis voel omdat u eindelik tuis is. Ook eerstejaarskap met al sy verantwoordelikhede bly 'n voorreg. Aspirant-ware P.U.Kaners is altyd welkom. Van nou af hang dit egter veral van uself af of u ware P.U.Kaners gaan word. Die skouer dan aan die wiel en beskeidenheid op die voorgrond.

**GELUK EN DANKIE.**

Aan verliefdes en verloofdes, getroudes en gepaardes ons hartlike gelukwensinge. Dit ook aan diegene wat op besondere wyse die naam van die P.U. vir C.H.O. in die buitewêreld hoog gehou het, soos by voorbeeld die krieket- en swemspanne.

Vir u steun en samewerking gedurende die afgelope inlywingsaksie, dames en here seniors, ons opregte dank. En aan die Rektor, Huisvader en personeel van die P.U. vir C.H.O., ons dankbare waardering vir u daadwerklike vertroue en die geleentheid om te doen wat gedoen moet word. WARE P.U.KANERS KAN SLEGS DEUR WARE P.U.KANERS GEBOU WORD. MAG HIERDIE NOODSAAKLIKE TRADISIE AAN DIE P.U. VIR C.H.O. BLY.

Vir 'n uiters geslaagde ontheffingsgeselligheid, ons dank aan die Geselligheidskomitee. En vir die piekniek van 2 Maart, dit by voorbaat aan die Tweedejaarskomitee.

**1957.**

Om hier te wil uitwei oor alles wat in 1957 te doen staan, het geen sin. Oor ons wedersydse toekomsplanne kan daar later en elders gesels word.

Ewe oorbodig is dit om by uitstek alle besture en komitees — wat dit ook reeds weet — weereens daarop te wys dat die wiele moet begin rol en dat 1957 in werklikheid vir ons studentelewe nog net slegs 5 werksmaande oorhou.

Derdens is dit sekerlik ook nie gepas om op hierdie tydstip wanneer die oog eintlik na vore wil kyk, ou koeie uit die visdam op te diep en selfs kortliks aan u te wil verduidelik wat die afgelope paar maande in die Studenteraadskantoor gedoen kon word nie. Hieroor later. Want 1957 lê voor en daarom dan nou slegs 'n paar sakies wat onder u aandag gebring moet word om doelgerigte en doeltreffende organisasie vir die onmiddellike te verseker.

**FINANSIËLE STELSEL.**

Ons finansies skommel geleidelik oor na 'n nog gesonder toestand. Veranderings veroorsaak egter misverstand, daarom weer:

Die Studenteraad is tans besig om 'n begroting vir 1957 op te stel uit die ramings (wat ons voortaan begrotings noem) wat u reeds by die S.R.-kantoor ingelewer het. Hierdie begrotings sal D.V. op Saterdagmôre, 9 Maart 1957, finaal deur die Studenteraad afgerond word, en by geleentheid van 'n massavergadering op 11 Maart (7 nm., Totius-gedenksaal) aan u voorgelê word ter kennisname en bespreking.

As u vervolgens van die geld of items wat die S.R. by wyse van hierdie begroting gestem het, in ontvangs wil neem, handig u gedurende S.R.-kantoorure (sien hieronder) 'n SPESIFIEKE AANVRAAG by die S.R.-penningmeester in. Indien hierdie spesifieke aanvraag presies ooreenstem met die betrokke punt van die S.R.-begroting, word hierdie spesifieke aanvraag mondeling gedoen en ontvang u die nodige bestelvorm of tjek. Indien dit egter 'n byvoeging of verandering in die S.R.-begroting beoog, moet dit skriftelik en wel langs die gebruiklike kanale (via S.S.B. of A.B.K.K.) geskied.

**JAARPROGRAM.**

Die Studenteraad het besluit om die stelsel waarvolgens 'n Studenteraads-halfjaarverslag aan die massa ter kennisname voorgelê word, af te skaf. Wel sal nog voortgegaan word met die vra van halfjaarverslae van die verskillende instansies onder die patronaat van die Studenteraad. Hieroor egter te geleëner tyd meer besonderhede.

Op 11 Maart 1957 sal egter 'n Studenteraadsjaarprogram aan u voorgelê word ter kennisname en bespreking. Vir hierdie doel is reeds kennis gegee aan alle liggame onder patronaat van die Studenteraad, (verenigings, klubs, komitees en hoofliggame) om 'n jaarprogram — waarin 'n geheeloorsig van wat u vir 1957 beoog, vervat word — op te stel. Onderliggame van die S.S.B. en A.B.K.K. moet hulle jaarprogramme op tye wat deur hierdie instansies vasgestel word, by hulle onderskeie hoofliggame inlewer.

Hoofliggame en komitees van die Studenteraad, moet hulle jaarprogramme voor Dinsdag, 5 Maart, om 12 middernag, by die Studenteraadskantoor inlewer.

Hierdie jaarprogramme moet die volgende bevat: 'n spesifieke doelstelling vir 1957, middele ter uitvoering van bogenoemde, vernaamste datums, beoogde finansiële posisie en varia ter sake.

Verder moet hierdie jaarprogramme sover moontlik finaal wees. Veranderings of byvoegings moet, sodra hulle definitief beoog word en voor hulle uitgevoer word, onmiddellik ter goedkeuring of kennisname aan die Studenteraad gestuur word. Die Studenteraad besluit of die saak suiwer huishoudelik van aard is, al dan nie — en dienooreenkomstig word of bloot kennis geneem van die saak of 'n besluit ter goed- of afkeuring geneem.

**VRYWARINGSVORMS.**

Geen P.U.-student mag in sy hoedanigheid as lid van 'n liggaam wat onder patronaat van die Studenteraad staan, in 'n voertuig onder beheer van die Studenteraad, vervoer word as hy nie 'n vrywaringsvorm, behoorlik onderteken en/of laat onderteken het en dit weer by die Studenteraadskantoor (waar hierdie vorm verkry kan word) ingehandig het nie.

**KANTOORURE.**

Die Studenteraadsdagbestuur is elke weeksdag van 1.30 tot 2.30 nm. tot u beskikking. Handel u Studenteraadsake asseblief gedurende hierdie tye af as dit enigsins moontlik is.

Dieselfde geld vir die magasyn wat ook gedurende hierdie tye oop is, asook die argief wat Dinsdae en Vrydae oop is.

**DATUMS**

11 Maart: Massavergadering.
27 April: Vreugdedag.
(te Klerksdorp)
18 Mei: Intervarsity.
(te Potchefstroom.)

SKAKELING MET DIE PU-OWERHEDE

Die volgende saak moet weer beklemtoon word: As 'n liggaam wat onder patronaat van die Studenteraad staan, in amptelike hoedanigheid met enige lid van ons Universiteitsowerhede of Administrasie wens te skakel, moet dit deur of via die Studenteraad geskied.

Want die Studenteraad is daar om te dien. En diens,veral aan u, bly altyd 'n voorreg.

Laat ons dan saam dien — en mekaar help om te dien. T. v. d. W.

**ARCADIA**
Dames- en Mans-
**HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk"
is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164


**Studente . . . !!**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
**Die Apteek vir Diens!!**

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.




# Oor musiek

Tydens 'n onderhoud met mnr. Christie Roode, voorsitter van die P.U.-musiekvereniging, het hy verklaar dat die musiekvereniging weer groot planne koester vir 1957. Tenspyte van die swak ondersteuning wat die werk van hierdie vereniging van die kant van die studente geniet, gaan hulle goeie werk voort. Maar hy doen 'n beroep op alle studente vir ondersteuning.

Die programme wat aangebied word, en wat altyd van 'n hoë gehalte is, word aangebied terwille van ons studente. En hoe groter ons waardering daarvoor hoe meer kan aangebied word. Hy het die hoop uitgespreek dat die konserte vanjaar net soveel byval sal vind by die wat dit bywoon, as wat nog altyd in die verlede die geval was.

Binne die loop van die eerste kwartaal word 'n konsert beoog vir 82-jarige pianiste, Elsie Hall. Sy is in alle opsigte uniek, temeer omdat haar hoë ouderdom geen effek op haar perfekte spel het nie. Terloops, twee jaar gelede het sy nog met groot sukses in die Queens Hall opgetree.

In die loop van die tweede kwartaal sal die Apollo gemengde koor van Carletonville ook voor ons optree, en teen die einde van die eerste semester sal ons weer die S.A.U.K. simfonieorkes hier hê. Mnr. Anton Hartman het reeds formeel ingewillig om weer hier op te tree, en ons voel oortuig dat dit 'n herhaling en 'n verbetering sal wees van die puik uitvoering van verlede jaar.

En dan 'n brokkie nuus waaroor al ons lede seker verheug sal wees: die bekende Suid-Afrikaanse violis, Derek Ochse, wat verlede jaar soveel byval hier op Potchefstroom gevind het, tree vanjaar weer voor ons op, waarskynlik in 'n solo uitvoering, of miskien in een program saam met Pieter de Villiers.

En nog iets: daar bestaan alle verwagting dat die blinde Griekse pianis, Themeli, wat op die oomblik deur die land toer, ook voor ons sal optree. Ons hoop van harte dat hierdie verwagting bewaarheid sal word.

Dit lyk of daar geen einde aan die nuus kom nie, want hier volg nog 'n verrassing: die poging om 'n klein kamerorkes wat hoofsaaklik uit blokfluite en swaar instrumente sal bestaan, op die been te bring, gaan vanjaar werklikheid word. Daar is lankal die behoefte aan so 'n klein ensemble gevoel, en dit sal 'n baie gelukkige aanvulling wees van die groot simfoniekonsert aan die een kant, en die uitvoerings van trios deur die Collegicum Musicum aan die ander kant.

Van die Collegium musicum gepraat: hierdie vereniging beoog ook weer 'n sestal puik uitvoerings deur die loop van die jaar.

**KOORNUUS:**

O.l.v. mej. R. Oosthuizen gaan die P.U.-studentekoor 'n jaar van groot ontwikkeling tegemoet. Mej. Oosthuizen wat onlangs 'n kursus in koorleiding bygewoon het, deel mee dat daar 'n toer deur Noord-Transvaal beplan word vir die Julie-vakansie. Volkswysies, ernstige werke en solosang, wat deur die beoogde kamerorkes aangevul sal word, sal min of meer die werkprogram wees. Oefeninge sal waarskynlik op Maandagaande plaasvind, en alle belangstellendes word opgewek om hulle kragte by hierdie onderneming in te werp.

**PLATEPROGRAM.**

A.g.v. die ontbinding van die ontspanningskomitee sal die musiekvereniging voortaan op Sondagaande twee plateprogramme aanbied, te wete: een in die studentesaal wat die ligte klassieke sal dek, en een in die sielkunde laboratorium die ernstige klas-)sieke musiek. Hierdie gedagte behoort veel byval te vind en ons hoop dat dit sal bydra tot die bevordering van musiek aan die P.U. vir C.H.O. Hiertoe het die musiekvereniging 'n skenking van tagtig langspeelplate te ontvang, wat 'n baie welkome aanvulling van ons diskoteek is. Mnr. Roode wil namens sy bestuur en alle musiekliefhebbers die donateur langs hierdie weg van harte bedank.

Aan alle musiek en koor-organisasies aan die Universiteit en die konservatorium wens ons alle sterke toe met hulle groot en veeleisende werkprogram en aan alle studente 'n jaar van heerlike luistergenot.

# Sosiale Nuusbrokkies

Dr. J. M. de Wet van die departement Wiskunde, en mev. de Wet, het aan die einde van verlede jaar oorsee vertrek, asook mnr. en mev. D. J. W. Strümpfer, dr. en mev. M. C. Papendorf en Dr. en mev. P. A. J. Ryke.

Die bekende mev. S. Serfontein-Theron is aangestel as sang-dosente aan ons Konservatorium.

Mej. Gwen du Plessis, pas terug van Engeland na 'n besondere studie oor dieetkunde, het 'n betrekking aanvaar in die departement Huishoudkunde.

Dr. P. G. W. du Plessis, terug van Nederland waar hy in die Wysbegeerte studeer het, vul tans die vakante lektoraat in Wysbegeerte.

Die Raad van die Universiteit het besluit om die huidige geneesheer-bestuurder van Witrand te benoem as ere-professor in Psigiatrie aan die Universiteit vanaf begin 1957.

Dr. S. Postma is benoem as senior-lektor in die Departement Regte vanaf Februarie. Hy het sopas teruggekeer vanaf Nederland.

Mej. J. J. Potgieter is benoem as lektrise in die Departement Huishoudkunde in die plek van mej. Elsie Joubert wat verlede jaar uit diens getree het.

Mej. J. M. Schoeman is benoem as junior-lektriese in die Departement Liggaamlike Opvoeding in die plek van mej. A. Harmsen.

Mej. M. Wandelt, voorheen van die Konservatorium op Stellenbosch is benoem as tweede tydelike sangdosente aan ons Konservatorium.

Mnr. J. A. van den Berg is terug vanaf Pretoria waar hy met 'n jaar studie gewees het.

Dr. P. J. van der Walt is ook terug van Europa na 'n studie van misdaadstatistiek. Hy is verbonde aan die Departement Sosiologie.

Mev. A. F. Aucamp, Uniale Voorsitster van die Uniale Komitee van die Bond van Gereformeerde Suster organisasies, sal die amptelike oopsluiting van die Lettie du Plessis-saal op 3 April waarneem.

Dr. A. C. Schulenburg, lid van die Universiteitsraad is 'n lewenslange ere-lidmaatskap deur die Alumnivereniging van die Mediese Skool van die Universiteit Washington, V.S.A., toegeken op grond van sy vyftigjarige diens as praktiserende geneesheer.

Die Raad van die Universiteit het besluit om vier ere-grade op sy eersvolgende gradedag, 13 April 1957, toe te ken aan: Prof. D. F. Malherbe die ere-graad D. Litt., Dr. S. Meiring Naudé die ere-graad D.Sc., Mnr. A. K. Bot die ere-graad D. Ed., Pastoor E. F. K. Kaske die ere-graad M.A. in Bantoetale. Pastor Kaske was vir 'n groot aantal jare verbonde aan ons Departement Bantoetale.

**EERSTEJAARSWYSHEDE**

**A la die Lesings of te wel „Inleiwing":**

* * *

Eerstejaarskap is 'n brug tussen twee lewensswere".

* * *

A.B.K.K. — bestaan uit twee lede wat gekies word uit 'n komitee wat onder die A.B.K.K. val."

* * *

In vooruitgang moet ons anavatizme bestry."

* * *

Gebrek van ons Westerse beskawing: „Is 'n maatskaplike opsig lolaliteit en 'n geestelike opsig omhelsing"

* * *

Wat van my verwag word: „Wees nie kleinsielig en skryf nie in brief oor al my verhoudings huis toe."
En: „Geen briewe skryf, want jy is verwand — nie regte soening — later bitter spyt."

* * *

„Die Universiteit gee mens baie geleenthede."

**J. HEIDEMA**

Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)

Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

**CORNER FRUIT STORE**

★

„U KEN ONS!!"

★

**DIE BULT SKAATSBAAN**

„PUKKE ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING"

Oop vanaf 7.30 in die aand

# Enter Cassawali.

Lank gelede, in 'n verre land met die bekende Vodkarivier, het Cassawali gewoon. Hierdie vreemdsoortige unieke persoonlikheid wat eers 'n harde job gehad het om die ou Tartane en later die Kosakke en Toscars se wreedhede in toom te hou, het, al meer en meer sy gewete moes verkrag terwille van 'n onheilige lojaliteit jeens Stalin. Die wetenskaplikes het opdrag gekry om Cassawali gewetenloos te maak en na jarelange navorsing is daarin geslaag om hom tot damp te omskep — waarvoor hulle tonge uitgesny is.

Natuurlik het hulle hul misgis, want die damp het suidwaarts beweeg en Cassawali het slegs 'n fyner gewete ontwikkel. Alle Russiese produkte is — indien nie van meet af aan nie — dan tog uiteindelik 'n flater en so het die Cassawalidamp oor die Puk 'n vaste dog onsigbare vorm kom aanneem wat oral alles raaksien

„Ick squeak, squeel!" bulder Cassawali meteens woedend — want daar, tussen die bome langs die strome sien hy mans wat ooglopend dames ontvoer . . . of nee, „askies!" Cassawali bloos genotvol. Dis slepers, verstaan hy nou, gesleeptes, geslepenes (manlike kategorie) en selfs . . . „ai tog!" . . . spykeraars en bespykerdes. Gou verstaan Cassawali dat sy teenwoordigheid hier onvanpas is by sulkes soos Esther en die Vos of Monicas en Petriaanse Kobies — almal verstaan mekaar blykbaar.

Uit die hoek van sy oog gewaar hy nou voor 'n lang skraal plek kordonne mans wat met hongerige oë staan en kyk na 'n enkele ry skoendose wat op en af en vorentoe beweeg. „Is hulle nou laf?" maar as hy nadersweef verstaan hy . . . Daar onder uit . . . en daar agter uit die kappietuit . . . . lieflike ogies en 'n tongetjie!

'n Nuwe vreugde dartel deur Cassawali se bloed en selfs die berekenende soekende waaksame oë van Smit, Toscopeus en Stoker „switch" hom nie af nie.

Aan die sy van Door Miswolk glip hy binne. Hy sien lang maer mans en kort grynsende mans en Boutjies wat stokkie swaai en dan maak almal lawaai. Aan die einde van die verrigtinge wonder hy hoekom 'n ieder en 'n enkele van hulle so lief is vir die liedjie van 'n voëltjie sonder „Pa" wat uit die German West vlieg, en hoekom die Dore so lief is vir Ingram!

* * *

Cassawali het nog iets gehoor:

**Door in nuwe administratiewe gebou:** Hoekom stink die plek soos 'n slaghuis?

**Puk-kantoorstaflid:** Omdat jy 'n skaap is wat ter slagting gelei word!

* * *

Cassawali se volgende rubriek sal handel oor raad aan eerstejaardames en kyskoors van ouhere!




Met apologie aan „Die Pukkie" van 1954.

**TURKSTRA BAKKERY (Edms.) Bpk.**

RAADPLEEG ONS VIR . . .

● BROOD

en

● ALLE KOEKSOORTE.

**ELKE DAG VARS . . . .**

Kerkstraat 61.

**DIE BULT**

**Algemene Handelaar**

Von Wiellighstraat 46,

Foon 2025.

**KRUIDENIERSWARE, SIGARETTE en LEKKERS RUDGE FIETSE en FIETSONDERDELE**

**WESTVAAL**

**Studente !!!**

**VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA**

**WESTVAAL**

# Curse of the Dragon

(deur Idy la Walti, in psigiese mede werking met Petros Boumanoff Klerksi, R.I.P.)

Vyf jare min hy haar nou reeds,
maar altyd op distansie;
want op die skool moes hulle steeds
maar wag op hierdie kansie.

Nou is hul albei op die Puk —
O vivela liberty! —
Reeds stap vir stap, en stuk vir stuk,
Benader hy vir Gerty.

Uiteindelik het hy haar by hom,
sy lippe streel oor hare.
Ag, wat was hy tog altyd dom
DIT nou eers te ervare!

Hy vra: „Da mi basia mille",
Sy antwoord: „Soen my om die draai;
maar hy het teveel tyd verspille —
bedreigings wag om daardie draai.

Electric chair, ogpoe en Hades,
Pompwaters wat jou wil versuip;
geen sprake is daar van genades —
dit help nie eers om weg te kruip.

Dog, eindlik kom daar tog verligting,
ja, gaudeamus igitur! —
want Saterdag is dit ontheffing
dan kan hy weer na haar kant loer.

Helaas!— Hoe droewig, my ou volkie,
dat selfs ook hierdie silwerrand
moet hê 'n baie donker wolkie —
'n ouheer hou haar by die hand.

'n Laaste wanhoopspoging aanwend,
so flikker in hom hoop se vlam —
hy vra haar Sondagmiddag te „spend"
saam met hom by die dam.

Maar weer moes hy die aftog blaas—
sy liggie is ge-„dim";
hy is nie baas nie, maar wel Klaas —
die ouheer was die SKIM!

Nou wil ek jou advies gee, drakie,
en moet dit nooit vergeet,
wat „Goldrush" is, maak nou nie saak 'ie,
al het jy ook geweet.

Moet nooit weer na 'n doortjie kyk nie,
hul is gereserveer;
en wil jy nie graag wees 'n lyk nie,
sit by jou boek en leer!

BESPARING

„Na ontheffing toe gaan saam met Danie,
wil nie sê dat jy nie kan vra nie;
maar Maandag is Piet,
Gert het Dinsdag geskiet,
en Woensdag is dit al weer Fanie.

Donderdag fliek ek en Niekie,
Dus Vrydag kan ek nie gaan fliek 'ie."
„Dan bly Sondag oor —
dis wat my bekoor,
want dan kos dit my net 'n tiekie!"

Drink **S & S** en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

HAROLD'S
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

JAY'S GARAGE
(K. NOBEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
• MASSEY-HARRIS TREKKERS
• PLAASGEREEDSKAP,
• PLANTERS en STROPERS.
• S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

KOM SIEN ONS—
vir al u
• Fotografiese
en
• Aptekersbenodigdhede.
GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

# LETTERKUNDIGE RUBRIEK

## *„Een-en-Twintig".*

My dank aan DIE WAPAD vir hierdie ruimte waarin die Letterkundige Vereniging Estrarte voortaan gereeld aspekte van die letterkunde sal bespreek. Ons gaan nie snoewerig wees nie; juis omdat ons deur hierdie kolomme **algemene** belangstelling wil gaande maak (dit is allermins 'n propagandarubriek vir een vereniging) gaan ons die ding prakties benader — en laat maar weet as ons te kort skiet.

Sonder veel bohaai en amper ongemerk is daar tussen die massa literatuur verlede jaar 'n werkie in die mark gestoot wat eintlik 'n keerpunt in die Afrikaanse prosa beteken. Jan Sebastian Rabie se EEN-EN-TWINTIG is 'n bundeltjie sketse en verhale waarin die geesteswaardes van groot Europese letterkundes (veral die Franse) vir die eerste keer in Afrikaans beliggaam word. Die gebied wat Van Wyk Louw, Opperman en ander digters jare gelede al met hul poësie verower het, is tot hoë mate deur die publiek as taboe vir die prosa beskou. Daar was dinge waaroor daar nou net nie geskryf kon word nie — juis dinge waarin veel van die waarde van ons digkuns geleë is. En nou, so wil dit lyk, kom daar 'n kentering.

Surrealisme, ekspressionisme en ander -ismes wat al so lank in die skilderkuns bestaan, word nou ook in die prosa verwerklik. Die Surrealis skep sy eie wêreld waarin verbande en verhouding algeheel anders is as in die natuurlike. So staan Rabie se groteske **Drie Kaalkoppe** ook in gans ongewone verhoudinge tot mekaar en die wêreld. Hulle kos word bv. grusame vorme: „arms, bene, borste van maagde, selfs 'n kinderhofie, rosig gekook." **Vlermuis in die park**, die pragtige prentvan 'n ou vrou wat teen skemer haar kind in die park kom haal, het ook fyn surrealistiese trekkies.

Rabie wat jare in Frankryk gewoon het, is deurdrenk van die Europese houdinge, beskouings en filosofieë. Heidegger en Sartre se eksistensialisme kry bv. pragtig neerslag in 'n volmaakte kortverhaal soos **Die man met die swaar been**, waar die mens se geworpenheid in 'n situasie in hom die skuldgevoel laat ontstaan in die vorm van die las van 'n hele mensdom wat aan één hart kom hang.

Die grusaamheid van die huidige verwording wat die mens van alle waardes ontneem en hom totaal omvorm, word ingelê in verhale soos **Bloed, Gesprek onder 'n donker maan** (waarin die ontaarding van geslagsverhoudinge gebeeld word) en selfs in **Moeder koei** wat taamlik liggies en humoristies aangeslaan is.

Maar daar is ook 'n ragfyne weergawe van skoonheid, van die teerste droomervaringe: **l'Annunziata, Die dag van die roos.**

Rabie se simboliek, sy aanvoeling van die groter swaaiwydte van betekenis, is merkwaardig in verhale soos **Gondeldeuntjie,** maar selfs in die humor van **Die padda en die maan.**

Sy vermoë om met amper poëtiessuiwere woorde te teken, is telkens verrassend. Vgl. die beskrywing van Kaapstad: „van onder in Adderleystraat (van die kant waar hyskrane se tandarts-apparate aan die see se wortels knaag), word bus na bus bergwaarts gesleep aan dun drade wat kruis en dwars en skrikwekkend geknoop tussen straat en hemel hang."

Die invloed van Frans in woordkeuse, maar veral in pragtige bondigheid en direktheid, is opvallend. **Een-en-twintig** is veel meer as 'n bundel „stories".

Ek huiwer nie om te sê dat daar geen enkele ander prosawerk in Afrikaans bestaan wat hiermee vergelyk kan word nie.

(Die bundeltjie is 'n uitgawe van Balkema en is ook plaaslik verkrygbaar).

André P. Brink.

# Getroud
# Verloof
# Gekys

### VERLOWINGS

Ester Buitendach en Wouter de Vos het gedurende die vakansie 'n besoek aan die juwelier gebring, terwyl Marie de Villiers en dr. Scheepers alreeds voor die vakansie afgehaak het. Yvonne Roux dra 'n blink klippie van mnr. Goosen, Hettie Grobler het haar verloof aan Lawie Yssel en Elmine Duvenhage het die groot stap gewaag met Charles Schlesinger. Verder het ons berig ontvang van die heuglike gebeurtenis van Hannetjie van der Walt en Mnr. van der Walt van Middelburg, K.P.

### HUWELIKE

Gedurende die afgelope vakansie het verskeie Pukke en oud-Pukke hulle voor die kansel bevind, nl. Jannie van der Walt en Trix Dekker, Johan Brits en Mariette Bischoff, Bouie de Klerk en Ria Botha, Dick Putter en Bettie Linde, Stoffel de Beer en Marietjie Coetzee, Pegleg du Plessis en Ida Marais, Jack Strydom en Bessie Seyffert, Koos van Rooy en Regina Kruger, Marthie van Rooy en Gerrie Lemmer.

### KYSE

Dawie du Plessis het eindelik daarin geslaag om Irma Schoeman tot die geledere van gekysdes op die Puk te laat toetree.

Sarel van der Westhuizen het die Puk-dames skynbaar nie na sy smaak gevind nie, en 'n blom uit sy eie kontrei gaan haal. Haar naam is Ria van der Ryst, en hulle is gekys.

Piet Riekert het gesorg dat sy Doortjie, Sadrina Veenstra alreeds gevang en vas was nog voor die Puk heropen het, sodat hy hom nie weer so hoef te haas om die „Gold Rush" te wen nie.

S.A.N.L.A.M.
Word verteenwoordig deur
MNR. VENTER,
Tomstraat 63 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

OOSTHUIZEN
Kole-agentskap.
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

# Atletiek:
## *Pukkies voer groot dinge in mou.*

Reeds vroeg in die jaar is al 'n groot doenigheid te bespeur op atletiekgebied. Daar is gevoel dat in die verlede nie voldoende reg geskied het aan atletiek nie en 'n verblydende teken is dat daar vanjaar 'n mooi oplewing in atletiekkringe is. Alhoewel die bestuur redelik onervare is, word groot dinge in die mou gevoer en aan hartlike onderlinge samewerking ontbreek dit nie.

**ATLETIEKBANIER:**

Aan 'n lank reeds gevoelde behoefte word tans uitvoering gegee, nl. die ontwerp van 'n eie atletiekbanier. Tydens Dalrymple — en ander byeenkomste—is die leemte aan 'n eie vlag gevoel en die Pukkies het met toenemende verlange uitgesien na hul eie vlag. Die ontwerp van die vlag is aan die atletiekbestuur voorgelê en sal hopelik eersdaags vir goedkeuring voorgelê word.

**DRUK PROGRAM**

'n Druk program word in die vooruitsig gestel aangesien die Eerstejaarsbyeenkoms en Interfakulteitsbyeenkoms die 27ste Februarie en die 6de Maart onderskeidelik plaasvind. Daarna vind die Noordelike Dalrymple op Potcehfstroom plaas, terwyl die Dalrymple te Durban plaasvind. Afgesien daarvan word ook nog ander senior byeenkomste gereël, o.a. 'n landloop. Die Wes-Transvaalse kampioenskappe vind die 16de Maart op Potchefstroom plaas.

'n Paar van ons ou staatmakers is ongelukkig weg, en tans is 'n paar nog op die krukkelys, maar afgesien daarvan is heelwat talent onder die nuwelinge opgemerk en aan belangstelling ontbreek dit nie.

Die bestuur nooi u hartlik uit na die byeenkomste en maak staat op u heelhartige samewerking.

# Krieket:
## *Neerlaag en oorwinning vir Pukke.*

**EERSTE SPAN:**

Tydens 'n vrienskaplike botsing teen T.A.C. wat op 23 Februarie op Puk se gronde afgespeel is, het die Pukkies 'n onverwagte neerlaag gely. Op 'n swak baanblad het T.A.C., wat die loot gewen het en eerste gaan kolf het, 100 lopies almal uit, aangeteken. In antwoord hierop kon die Pukkies slegs 81 lopies aanteken.

**VENNOOTSKAP:**

Op een stadium het die Puk in 'n haglike posisie verkeer nadat drie paaltjies in die tweede boulbeurt van T.A.C. gekantel het. Hierna het die een pen na die ander geklap sodat ons op een tydstip 19 lopies vir 7 paaltjies op die telbord gehad het.

Hierna het egter 'n briljante vennootskap om die 8ste paaltjie ontstaan toe Snyman en Richards die telling opgeskuif het na 78 vir 8 paaltjies. (Snyman 34 lopies en Richards 21). Dit kon sake egter nog nie red nie en die Pukkies is almal van die baan vir 81 lopies.

**WEDSTRYD TEEN BOYS' HIGH.**

In 'n bekerwedstryd teen Boys' High, het Puk eerste gaan kolf en is almal van die baan vir 'n skamele 56 lopies. In antwoord hierop het Boys' High reeds 57 lopies vir die verlies van 4 paaltjies op die telbord geplaas. Die wedstryd word voortgesit.

(Vervolg kolom 2)

# Kriekettoernooi:
## *P.U. maak Witsies skrik.*

Van die tweede tot die agste Desember 1956 was alle Universiteite in Bloemfontein verteenwoordig waar die jaarlikse inter-universitêre kriekettoernooi gehou is.

Dat die Afrikaanse Universiteite nie altyd tweede viool hoef te speel nie is bewys deur die uitslag van die wedstryde. Stellenbosch Universiteit was instaat om die toernooi met uitstekende spel te buit.

**PUK TEEN WITS**

Die P.U.-span het aanvanklik baie goed begin teen Wits. Die P.U. boulers kon deur ondersteuning van uitstekende veldwerk, die sterk kolfspan van Wits vir 108 van die baan stuur. As in gedagte gehou word dat verskeie van die Witsies aanspraak maak op provinsiale kleure; is dit 'n uitsonderlike prestasie. Ben Potgieter het 3 paaltjies platgetrek vir 38 lopies en Hessel Dijkstra 5 vir 31. Ons kolwers het vol moed voor die penne stelling ingeneem. André Liebenberg was ongelukkig om met sy telling op 28 uitgehardloop te word. 'n Spannende verloop van die spel het gevolg en vir elke lopie is alles in die stryd gewerp. Wits het die wedstryd met 14 lopies gewen.

Teen U.P. en S.U. was die **Pukke minder suksesvol**, terwyl die wedstryd teen U.O.V.S. weens reën nie kon plaasvind nie.

Drie van die Pukke met plekke verwerf in die gekombineerde spanne: **Ben Potgieter**, Noordelike Universiteite A-span en **Christie Coetzee** en **Hessel Dijkstra** in die Noordelike Universiteite B-span.

As geheel was die toernooi leersaam, terwyl 'n **aangename gees** geheers het, danksy die bekwame leiding van kaptein Ben Potgieter en pa Tjaart van der Walt.

(Vervolg van kolom 4)

**OORWINNING.**

Die tweede span het op 'n hoë noot afgesit toe Hoër Gimnasium tydens 'n vriendskaplike botsing met die kous oor die kop huistoe gestuur is. Piet van Wyk het 'n ware Kapteinsbeurt gespeel om 34 lopies aan te teken. Danksy briljante veldwerk en akkurate boulwerk van die Pukkies kon Gimmies slegs 41 lopies aanteken. Alhoewel die tweede span weer van vooraf moet opgebou word, heers daar 'n goeie spangees en pragtige samespel. Die Pukkies het met drie paaltjies gewen.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"

Kopiereg

RA136 XZZ